## **Gemagtigde misdaad** [28] [29]

Die gebruik van geheime operasies, sowel as die aanwending van agente en aanhitsers word georden deur Artikel 252A van die SPW.

Ten einde die agtergrond en omvang van hierdie onderwerp te verstaan volg hier ‘n noukeurige uiteensetting met betrekking tot hierdie onderwerp.

Geheime operasies en die ontplooiing van agente en agent-aanhitsers behels alreeds hoë vlakke van misleiding, wat op sy beurt dikwels deelname aan aktiwiteite wat misdadig van aard is insluit. Daar is verskeie internasionale

voorbeelde waarin agente en agent-aanhitser by geleentheid dwelms in tronke ingesmokkel het, in opdrag van Latyns-Amerikaanse dwelmkartelle geldwassery onderneem het, front besighede / ondernemings gestig het wat kontant betaal het vir gesteelde goedere, vervalste banknote gedruk het en opsetlik meineed gepleeg het, om net 'n paar te noem.

In elk van hierdie gevalle het die agente en agent-aanhitsers betrokke geraak by oënskynlik onwettige aktiwiteite om bewyse in te samel of om hul fiktiewe identiteite te handhaaf.

Tensy hierdie dade gepleeg word deur "rogue cops" wat nie gemagtig is om aan onwettige aktiwiteite deel te neem nie, word hierdie aktiwiteite nie as misdade beskou nie. Dit word eerder as 'n regverdigbare en soms

noodsaaklike aspek van ‘n geheime operasie beskou. Hierdie praktyk van gemagtigde misdaad is geheim, ontoerekeningsvatbaar en in direkte konflik met sommige van die mees basiese uitgangspunte van demokratiese polisiëring.

En, in die mate wat gemagtigde misdaad aangewend word, skep dit gemengde boodskappe oor agente en agent-aanhitsers se morele etiek en ondermyn dit publieke ondersteuning vir intelligensie-agentskap gedrewe ondersoeke. Terwyl die praktyk nie nuut is nie, laat gemagtigde misdaad fundamentele vrae ontstaan oor die perke wat as aanvaarbare polisiegedrag beskou kan word en word die impak daarvan al vir te lank geïgnoreer.

**Tipes operasies**

Voorkomende Operasies

‘n Voorkomings operasie sal wees waar ‘n man die moord van sy vrou verlang en die agent of aanhitser word aan hom voorgestel as ‘n “huurmoordenaar”. Sodra die plan bespreek is (onthou dat sameswering alreeds genoegsaam is vir die arrestasie) en die fooi word betaal, word die arrestasie gemaak. Die moord van die eggenoot is dus voorkom.

‘n Misdaad is dus gekeer voor dit gebeur het.

Fasiliterings Operasies

In teenstelling met voorkomende operasies, probeer agente en agent-aanhitsers, tydens fasiliterings operasies, juis om die pleging van 'n misdryf aan te moedig, hetsy deur verdagtes se saak te versterk of deur potensiële slagoffers s’n te verswak. Dit word gedoen deur die verskaffing van fisiese hulp, aanhitsing, geld, hulpbronne of die skepping van nuwe afsetgebiede, byvoorbeeld vir dwelms. Die rol wat agente en agent-aanhitsers in fasiliterende operasies speel, hang daarvan af of hulle hulself as medepligtiges of as verskaffers (bv. vir wapens, ammunisie of springstof) voordoen.

Fasiliterende operasies is die mees omstrede. Die moontlikheid van lokvalstelling (“entrapment”) vind plaas in 'n scenario waar die agente en / of agent-aanhitsers aktief misdaad aanmoedig. Of, as 'n spesifieke ondersoek nie aan die hoë struikelblok van regsvaslegging voldoen nie, die bewuste besluit aan die kant van die agente en agent-aanhitsers neem om "geleentheidstrukture" vir die pleging van misdade te skep, is uiters kommerwekkend.

Terwyl toesig- (fisiese of statiese waarneming) en voorkomende operasie-analoë in konvensionele polisiëring aanvaarbaar is, poog fasiliterende operasies om 'n fyn balans te handhaaf deur misdaad geleenthede te skep om misdaadbekamping toe te pas.

Die aard van fasiliterende operasies het oor tyd aansienlik verander. Tradisioneel het geheime ondersoeke geteikende polisiëring, gebaseer op beskikbare intelligensie, toegepas. Huidige geheime ondersoeke en die aanwending van agente en agent-aanhitsers het ‘n klemverskuiwing na “visvang ekspedisies”, gebaseer op waarskynlikhede en versoekings, soms sonder spesifieke vermoedens, klagtes of verdagtes, geword.

‘n Groter probleem van fasiliterende operasies is die ernstige kwessie van misdaad skepping. Die moontlikheid dat baie van die geheime ondersoeke bedoel was om die teiken/s vas te trek, kan eintlik meer misdaad veroorsaak.

Die kwelvraag wat uiteraard gevra moet word is: Indien dit nie was vir hierdie geheime ondersoek nie, sou die persone wat geteiken word, enigsins betrokke geraak het in enige vorm van misdaad…? ‘n Verdere kommer met betrekking tot misdaad skepping is dan ook: Watter onbedoelde gevolge het die fasilitering veroorsaak…?

In laasgenoemde kategorie kan fasiliterende bedrywighede die volgende effekte genereer: die daarstelling van nuwe onwettige markte (“black markets”) wat fondse genereer vir meer of ander misdade; die bekendstelling van radikale ideologieë of idees, motiewe en selfvertroue vir die pleging van verdere oortredings; en die aanbieding van aantreklike versoekings aan diegene wat nie spesifiek deur die ondersoek geteiken was nie, maar wat nietemin voordeel trek uit die geleenthede wat deur die agente en agent-aanhitsers geskep is.

Deelname aan misdaad

Agente en agent-aanhitsers neem om 'n aantal verskillende redes deel aan gemagtigde misdaad. Drie van die belangrikste redes is:

- Om geleenthede te skep aan teiken persone om by misdaad betrokke te raak.
- Om 'n valse identiteit te handhaaf.
- Om toegang tot die verdagte/s te vergemaklik.

Hierdie is by uitstek die drie belangrikste redes in fasiliterende operasies.

Soos vroeër bespreek, kan die agente en agent-aanhitsers “wettig” aan misdaad deelneem solank die gedrag wettige doelwitte bevorder. Die logiese vraag natuurlik is of: Sou die teiken/s in die eerste plek betrokke geraak het by misdaad indien dit nie was vir die agente of agent-aanhitsers nie?

Wanneer agente en agent-aanhitsers van misdaadbeheerdoelwitte afdwaal en aan ander misdade deelneem, verlaat hierdie "rouge cops" die grense van gemagtigde misdaad en word self blote misdadigers. Die ou konsep van “dit is makliker om verskoning te vra as om te wag vir magtiging” word onregmatig in baie situasies toegepas.

Geleentheid Skepping

In fasiliterende operasies vestig die agente en agent-aanhitsers 'n gesimuleerde omgewing wat so uitgebrei kan wees soos die vestiging van 'n valse besigheid of so eenvoudig soos die aanbieding van 'n valse identiteit as 'n besonder kwesbare slagoffer. Baie van hierdie fasiliterende aktiwiteite sou misdade uitmaak as die agente en agent-aanhitsers nie die vooraf magtiging gegee was om dit te pleeg nie.

Reëls vir Verbreking van Reëls

Hoewel howe en kommentators erken het dat die praktyk van gemagtigde misdaad kommerwekkend, maar soms noodsaaklik is, was die voorwaardes waaronder agente en agent-aanhitsers aan misdaad mag deelneem, selde onderwerp aan regulatoriese toesig. In plaas daarvan, wat wel bestaan, is 'n lappieskombers van wetsbeperkings wat geheime ondersoeke losweg reguleer en oor die algemeen aanvaar dat agente en agent-aanhitsers "die letter van die wet oortree om misdadigers vas te trek." Dit opsig self skep ‘n probleem.

Hierdie praktyk van gemagtigde misdaad van agente en agent-aanhitsers is uiters problematies aangesien die enigste kwalifiserende voorwaarde is dat die lokval in “goeie trou” moet plaasgevind.

Dit is juis op hierdie punt waar die probleem ontstaan. ‘n Persoon word geag onskuldig te wees totdat hy homself skuldig maak aan ‘n misdryf. Uitlokking tot die pleging van ‘n misdaad kan nie beskou word as “goeie trou” nie.

<u>Gevolge van Gemagtigde Misdaad</u> [30]

Dit is ‘n onbetwisbare feit dat die aanwending van geheime operasies opsetlik mense verontreg en hulle basiese menseregte, soos vervat in die Grondwet van Suid-Afrika, skend. Intelligensie-agentskappe se opsetlike optrede veroorsaak ernstige skade en terugslae in mense se lewens, teikens sowel as nie-teikens.

Teikens word doelbewus mislei en gemanipuleer, hul reg op privaatheid word geskend, hul materiële belange word aangetas, hulle word opsetlik aangemoedig om by misdaad betrokke te raak wat hulle onder normale omstandighede nie sou doen nie, teikens se sosiale interaksie met ander mense word aangetas, persone wat nie betrokke is in die ondersoek nie, byvoorbeeld familie, vriende, kennisse, ensovoorts se regte word ook aangetas in geheime operasies. In kort, geheime operasies tree nooit op in die beste belang van landsburgers in die breë nie.

[28] https://www.stanfordlawreview.org/print/article/breaking-the-law-to-enforce-it-undercover-police-participation-in-crime/

[29] https://onlinelibrary.wiley.com/doi/full/10.1111/japp.12243

[30] CONSTITUTION OF THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA 1996, Act 108 of 1996